higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

ENTREPRENEURSKAP EN ONDERNEMINGSBESTUUR N6

(Eerste vraestel)

(4090336)

4 Junie 2021 (X-vraestel)
09:00–09:30

TOEBOEKEKSAMEN

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye en ’n ANTWOORDBLAD van 3 bladsye.

212Q1J2104

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
ENTREPRENEURSKAP EN ONDERNEMINGSBESTUUR N6
(Eerste vraestel)
TYD: 30 MINUTE
PUNTE: 50

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Beantwoord al die vrae op die ANTWOORDBLAD (aangeheg).
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–C) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 'n Maatstaf wat die ekonomiese welvaart van 'n land aandui, staan bekend as die:

A Bruto binnelandse inkomste
B Per capita nasionale inkomste
C Netto nasionale inkomste

1.1.2 Watter EEN van die volgende verteenwoordig 'n produkinnovering?

A Bekendstelling van 'n bestaande produk in 'n nuwe mark
B Bekendstelling van 'n nuwe produkproses vir 'n bepaalde produk se produksielyn
C Bekendstelling van 'n totaal nuwe produklyn in die mark

1.1.3 Watter EEN van die volgende is nie een van Porter se Vyf Kragte nie?

A Mededinging tussen kopers
B Bedreiging van plaasvervangerprodukte of -dienste
C Bedreiging van nuwe toetreders

1.1.4 Watter EEN van die volgende is nie 'n voorbeeld van 'n volhoubare mededingende voordeel nie?

A Eerste op die mark
B 'n Ekonomies lewensvatbare onderneming
C Eiendomselemente

1.1.5 Wat is ekonomiese volhoubaarheid in 'n onderneming?

A Wanneer die onderneming se sakemodel sy missie en visie bereik
B Wanneer die onderneming se sakemodel met 'n negatiewe winsmarge sake dien, maar verkope verbeter
C Wanneer die onderneming se sakemodel robuus genoeg is sodat die kontant nie opraak nie

(5 × 2) (10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Mededingende voordeel verwys na die reg om enigiets wat jy wil te koop en verkoop, wanneer jy ook al wil.

1.2.2 Verandering kan maklik in 'n onderneming aanvaar word indien die werknemers daaroor opgevoed word.

1.2.3 'n SWOT-ontleding weerspieël 'n onderneming se sterk punte, werksure, geleenthede en bedreigings.

1.2.4 BMW en Mercedes-Benz is nie werklik mededingers nie, maar eerder samesmeltende ondernemings.

1.2.5 Inkomste is een van die demografiese faktore wat bepaal watter tipe produk of diens 'n onderneming kan aanbied.

(5 × 1) (5)

1.3 Kies 'n item/term/beskrywing uit KOLOM B om by 'n item/term/beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Die proses wat 'n onderneming implementeer om sy rigting vir 'n toekomstige tydperk te bepaal	A	handelsmerkbeeld
1.3.2	Die onderneming se naam, embleem, kleure, ontwerp en eienskappe wat die onderneming van ander onderskei	B	groot offensief
1.3.3	Eksklusiewe beheer van 'n kommoditeit of diens in 'n bepaalde mark, wat dit moontlik maak om pryse te manipuleer	C	strategiese beplanning
1.3.4	Is daarop gerig om mededingers te verras en van stryk te bring sodat jy die element van verrassing kan gebruik om jou markaandeel te vergroot	D	guerrilla-offensief
1.3.5	Dit word gebruik wanneer jy nie oor die finansiële of ander hulpbronne beskik om 'n groot, direkte of volgehoue aanval te loods nie	E	klandisiewaarde
		F	monopolie

(5 × 1) (5)

1.4	1.4.1	Noem die DRIE stappe wat betrokke is wanneer 'n missieverklaring geskryf word.	(3 × 2)	(6)
	1.4.2	Onderskei tussen 'n *kontrakteur* en 'n *subkontrakteur*.	(2 × 2)	(4)
	1.4.3	Noem TWEE voordele en DRIE nadele verbonde aan die koop van 'n bestaande onderneming.	(5 × 2)	(10)
	1.4.4	Noem TWEE voordele van franchises.	(2 × 2)	(4)
	1.4.5	Noem die DRIE dryfkragte om die status quo van 'n onderneming te verander.	(3 × 2)	(6)
				[30]
			TOTAAL AFDELING A:	**50**

Kopiereg voorbehou

ANTWOORDBLAD

ENTREPRENEURSKAP EN ONDERNEMINGSBESTUUR N6 (Eerste vraestel)

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | |

SENTRUMNOMMER: | | | | | | | | | | |

VRAAG 1

1.1	1.1.1	_____		
	1.1.2	_____		
	1.1.3	_____		
	1.1.4	_____		
	1.1.5	_____	(5 × 2)	(10)
1.2	1.2.1	_____		
	1.2.2	_____		
	1.2.3	_____		
	1.2.4	_____		
	1.2.5	_____	(5 × 1)	(5)
1.3	1.3.1	_____		
	1.3.2	_____		
	1.3.3	_____		
	1.3.4	_____		
	1.3.5	_____	(5 × 1)	(5)

Kopiereg voorbehou

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |

1.4 1.4.1

(3 × 2) (6)

1.4.2

(2 × 2) (4)

1.4.3

(5 × 2) (10)

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |

1.4.4 _____

_____



_____

_____

_____

_____

_____

(2 × 2) (4)

1.4.5 _____

_____

_____

_____

_____

_____ 

_____

(3 × 2) (6)

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou